MENTORVENNOOT NWM

Simmentalerstraat 70
Malmesbury 7300
Tel 022 482 4244
Faks 0867 295825
mentorvennoot@mweb.co.za
Reg nr 2012/082050/08

Jy staan nie alleen nie

Vakature: BESTURENDE DIREKTEUR EN HOOF UITVOERENDE BEAMPTE MENTORVENNOOT NWM 2017

Mentorvennoot NWM soek 'n senior, finansieël onafhanklike persoon met beskikbare tyd, entrepreneuriese entoesiasme en gemotiveer om 'n gemeenskapstaak te verrig om in 2017 in te faseer en die bestuur van dié maatskappy by die huidige direkteur oor te neem wat dan aftree. Verkieslik moet dit iemand in die Kaap wees waar die meeste aktiwiteite tans gekonsentreer is (maar dit is nie 'n vereiste vir die pos nie).

- Iemand wat onder die voorsitterskap van dr.Theuns Eloff, bygestaan deur 'n span vrywillige direkteure van oral in SA wat sonder vergoeding betrokke is, word genooi om aansoek te doen vir dié betrekking.

Mentorvennoot is 'n openbare nie-wins maatskappy wat gestig is om die groot poel onbenutte kundigheid wat in SA bestaan by jong entrepreneurs, wat moontlik besigheidsprobleme ervaar, uit te bring. Die landwye lede-netwerke van Mentorvennoot se vyf Afrikaanse lid-organisasies word hiervoor benut.

Mentorvennoot se kort- tot mediumtermyn fokus is om al SA se jongmense te begelei om finansieël selfstandig en onafhanklik te word, dws *om entrepreneurs te kweek* eerder as om slegs teoretiese entrepreneursopleiding te verskaf. Mentorvennoot bied aan hoërskoolleerders buite-kurrikulêre leiding, blootstelling en geleenthede op 'n praktiese en 'n toegepaste vlak, sodat hulle so vroeg as moontlik die vreugde van entrepreneurskap kan ervaar – terwyl hulle basiese kritiese besigheidsinsigte en -vaardighede aanleer en ontwikkel.

Mentorvennoot se program werf hoërskole om *entrepreneursklubs* te stig wat deur die leerders self bedryf en bestuur word. Hulle moet projekte skep en uitvoer om wins te maak, kapitaal op te bou en te leer om die geld verstandig te bestuur. Om die program oor die lang termyn finansieël self-finansierend te maak word vir elke skool 'n ondersteunende *Mentorvennoot Vereniging* van volwassenes gestig wat ouers, sakelui en ander kundiges insluit en die entrepreneursklub plaaslik met spesialis kundigheid, leiding en raad ondersteun.

Vanjaar (2016) het 186 leerders van 3 skole in die Wes-Kaap, 2 skole in Gauteng en 1 skool van die Noord-Wes Provinsie aan die eerste en suksesvolle Entrepreneurskool Kompetisie deelgeneem. Vir 2017 is die teiken tussen 11 en 15 deelnemende skole. 'n Strategiese ooreenkoms is met *Impact Training* aangegaan om hulle Snapspel, 'n 6-uur lange besigheidsimulasie-spel teen 'n spesiale prys namens Mentorvennoot aan te bied.

Die moontlikheid om hierdie kompetisie in 2017 as 'n TV-reeks aan te bied word tans met M-Net se Via-kanaal bespreek.

Die regte kandidaat vir hierdie pos sal suksesvol moet kan netwerk en organiseer.

Belangstellendes kontak asb Rienzi Duvenage vir enige vrae of inligting by:
Telefoon 022 482 4244, sel 072 207 5058, mentorvennoot@mweb.co.za.

Direkteure: Andries Domburg, Dr. Danie Langner, Dr. Dionē Prinsloo, Gerrie de Villiers, Jan Bosman, Marda Oosthuysen, Mignon Smit, Rienzi Duvenage (besturende direkteur), Dr. Theuns Eloff (voorsitter), Tiaan Esterhuizen.